

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

ds. PJ Kriel

12.06.2016

Skriflesing Lukas 18: 18 – 34; Ps.23

Teks Lukas 18: 22 “Kom dan terug en volg My!”

Tema: Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

1. Is jy 'n volgeling van Jesus Christus?

In hierdie gesprek met die ryk jongman openbaar die Here hoe Hy as Here gevolg moet word. Dit is die eintlike vraag en saak wat die jongman aan die orde stel: “hoe word jy en is jy Jesus Christus se volgeling?”

- Die openbaring wat die Here in hierdie gesprek gee, is dat jy nie die Here Jesus se volgeling kan wees deur Hom te bewonder as jou goeie leermeester nie,
- jy kan die Here net volg as jou Goeie Herder.

Dit is die verskil in hoe die jongman in Jesus wil glo en Hom gehoorsaam wil wees teenoor hoe die Here eis dat jy in Hom moet glo en Hom moet gehoorsaam: hy soek 'n goeie leermeester maar Jesus is die goeie Herder!

2. Die houding waarin hierdie jongman Jesus nader is belangrik vir die verstaan van hierdie gesprek. In Markus 10 vers 11 word gestel dat die jongman voor Jesus op sy knieë geval het en vanuit hierdie posisie aan hom die vraag gestel het: “goeie leermeester wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?”

Die ander plek in die Bybel waar hierdie woord gebruik word “om op jou knieë nee te val”, is met die soldatespot van die Here voor sy kruisiging, in Markus 15 vers 19: “Hulle het hom herhaaldelik met 'n stok op die kop geslaan en op Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys.”

Geestelike verering!

Dit is wat hierdie jongman doen: hy vereer Jesus geestelik deur op sy knieë voor Hom neer te val. Hierdie geestelike verering is wat hy dan verwoord deur Jesus aan te spreek as “Goeie Leermeester”.

3. Wat doen hierdie jongman in en met hierdie geestelike verering van die Here Jesus?

Jesus openbaar self dadelik wat hy met die Here probeer doen. Hy gee die geestelike verering wat God toekom op 'n bepaalde wyse aan Jesus, wat hierdie

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

jongman sien as 'n besondere mens. Besonders weens Jesus se verhouding tot en met God en God se verhouding met Jesus soos hy glo.

Met hierdie verering en aanroep van Jesus wys die jongman dan eintlik dat hy bereid is om Jesus se volgeling te word. Dit is die inhoud en verloop van hierdie gesprek. Dit is eerstens 'n aansoek om 'n volgeling van Jesus te word. Tweedens is dit 'n gesprek oor die kwalifikasie om 'n volgeling van Jesus te wees.

Dit is die bedoeling van die vraag: “hoe kry 'n mens die ewige lewe?” Dit is die versoek aan Jesus: “aanvaar my as een van jou volgelingen!”

4. 'n Mens kry baie keer kinders wat vir hulle onderwysers vrae vra, nie omdat hulle nie weet wat die antwoord is nie, maar omdat hulle graag vir die onderwysers en kinders wil wys hulle ken die antwoord.

Dit is hoe hierdie jongman hierdie vraag aan die Here vra. Daarom is die Here se reaksie op die vraag eintlik verkeerd. Die Here moes hom nie na die wet gewys het nie, maar na die evangelie. Want 'n mens word nie deur die wet en die onderhouding van die wet gered nie, maar deur geloof in Jesus Christus.

Die Here reageer op die jongman se bedoeling dat hy wil wys hy kwalifiseer om Jesus se volgeling te wees. Daarom stel die Here aan hom dan dat hy die gebooie ken: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuigenis gee nie, eer jou vader en jou moeder.”

Dit gee die jongman die geleentheid wat hy eintlik wou hê. Hy verklaar dat hy die gebooie van God van sy kinderdae af onderhou het. Hy het nog altyd na God se gebooie geluister. Hy het nog altyd God se gebooie onderhou.

Van sy kinderjare, deur sy tienerjare, tot en met sy volwassenheid!

Hiermee verklaar hy dat hy gereed is om as volgeling van Jesus te word want volgens hom kwalifiseer hy om 'n volgeling van die Here te wees.

5. Jesus wys hom egter dat hy nie kwalifiseer om die Here se volgeling te wees nie. Dit doen die Here deur die rede vir sy gehoorsaamheid aan God se gebooie te toets.

Die toets om 'n volgeling van die Here te wees, is om die gebooie van die Here op 'n baie bepaalde wyse te onderhou. Hierdie wyse van gehoorsaamheid word aan die orde gestel deur die uitdaging: “Gaan verkoop alles wat jy het, kom dan terug en volg my!”

Wat is hierdie toets waarvoor die Here hom stel?

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

- Dit is nie die nuwe elfde gebod nie!
Die Here bedoel nie dat hy aanvaar dat die jongman die gebooie reg onderhou het van sy kinderjare af en, dat naas hierdie regte gehoorsaamheid aan die wet, hy nog iets anders as gehoorsaamheid aan die 10 gebooie kort nie. Dan beteken dit armoede is die elfde gebod. Na jy alles gedoen het wat die Here in die 10 gebooie beveel, is jy nog nie reg nie. Dan moet jy nog eers arm word. Dan is jy reg volgens die Here se nuwe elf gebooie!
- Dit is ook nie om die nuwe bedoeling aan die 10 gebooie te gee nie. Die bedoeling van die 10 gebooie is liefde vir God en jou naaste nie, nie om arm te wees nie.
- Nog minder beteken die eis om alles te verkoop om 'n welsynswerker of opheffingswerker te word in die gemeenskap. Dan sou dit beteken dat die Here eis gehoorsaamheid aan die 10 gebooie en welsynswerk! Dit is nie die toets nie.

6. Die toets wat die Here aan hierdie jongman stel gaan oor sy geestelike verering van Jesus. Dit spreek die Here dadelik aan as hy op sy knieë voor die Here gaan staan. Die Here stel dadelik dat hy Hom nie op hierdie wyse geestelik mag vereer nie.

Spesifiek met hierdie kritiek: Hoekom noem jy my as mens goed. Bedoelende op so wyse asof jy in my die goedheid van God kan leer ken en ontvang. Daarom stel die Here teenoor hierdie tipe geestelike verering dat net God goed is. Geen mens kan in 'n ander mens die goedheid van God leer ken of vind nie.

Dit is waaroor die toets dan gaan: dit gaan oor die verskil tussen

- geestelike bewondering van spesiale geestelikes teenoor
- die aanbidding van Jesus Christus as die Here.

Die jongman wil Jesus as besondere geestelike mens vereer op so manier dat Jesus sy leermeester moet wees, sy geestelike voog en geestelike mentor.

- Jesus moet sy geestelike leermeester wees. Jesus moet wys en vertel hoe is God sodat in Jesus se vertellinge, wysheid en goedheid hy God kan leer ken en vind.
- Jesus moet wys en vertel hoe hy moet bid sodat hy reg kan bid soos Jesus wys hoe om te bid.
- Jesus moet hom leer hoe om God te gehoorsaam en te eer sodat hy in en deur Jesus se vertellinge en voorbeeld God se goedheid in sy lewe kan vind.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

7. Dit is hoe Jesus geestelik bewonder word deur hierdie jongman wat op sy knieë voor Hom staan. Jesus se geestelike leiding in woorde en voorbeeld gaan hom wys hoe hy met God kan onderhandel. Hy sal vir God doen wat God vra en dan sal God vir hom gee wat hy wil hê.

Met hierdie vraag wys die jongman hoe het hy nog altyd die gebooe van God gehoorsaam: om deur God geseën te word. Jy kry by God al sy seëninge deur jou gehoorsaamheid aan sy gebooe. Dit soek hy dan in Jesus as die geestelike voog, mentor en leier – om so te leef dat 'n mens God se seëninge ontvang deur jou gehoorsaamheid aan God.

8. Teenoor hierdie geestelike verering en hierdie tipe gehoorsaamheid aan die wet, gehoorsaamheid om geseën te word, stel die Here dan die toets: Gaan verkoop alles wat jy het, kom dan terug en volg my!”

Op geen manier nie kan die Here se oproep ooit verstaan word as die antwoord van die goeie leermeester nie. Dit is die teendeel. Die Here wys met hierdie toets dat Jesus niemand se goeie geestelike leermeester is nie. Die Here Jesus kan nooit as 'n goeie leermeester oor God gevolg word nie.

- Jesus Christus het nie gekom om te wys hoe jy soos Hy as geestelike mens God moet vereer nie.
- Jesus het nie as geestelike leermeester gebede kom bid waarin ons Hom moet navolg nie, gebede wat Hy gebed het wat ons moet nabid nie.
- Jesus het nie gekom om 'n geestelike lewe te leef waarin Hy vir ons wys hoe leef jy om deur God geseënd te word nie.
- Jesus het nie 'n lewe van gehoorsaamheid aan God kom leef om vir mense te wys en te vertel hoe jy aan God gehoorsaam moet wees nie.

Dit is alles wat goeie leermeesters doen en die Here is niemand se goeie leermeester nie.

Teenoor hierdie geestelikheid om Jesus na te boots en God se seëninge te verkry, stel Jesus dan dit net vir God moontlik is om 'n mens sy volgeling te maak.

Ons mag ons hier ook nie met die dissipels van die Here misgis nie. Toe hulle sien dat die jongman nie kwalifiseer om Jesus se volgeling te wees nie, het hulle gou-gou hulle self probeer regverdig om sy volgeling te wees met hierdie verklaring: “²⁸ Toe sê Petrus: “Kyk, óns het van ons besittings afgesien en U gevolg!”

Jesus se antwoord aan Petrus bevestig nie aan hom dat hy die toets geslaag het nie. Dit is nie so nie dat Petrus-hulle toe geweet het hoe om die Here te volg, maar nie die jongman nie.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Die regte wyse van volg word deur die Here in verse 31 – 34 gestel. Jesus gaan ons nie voor in wysheid en leringe as ons goeie leermeester nie. Jesus gaan ons voor deur die mens te wees wat ons nooit self kan wees nie. Deur die mens te wees wat ons self nooit mag wees nie. Hy word die mens wat vir sondes ly en sterf en dan uit die dood opstaan om met Hom in sy menswees verenig te word.

Op hierdie wyse skep die Here 'n totaal nuwe tipe gehoorsaamheid: gehoorsaamheid sonder straf of beloning; gehoorsaamheid sonder vervloeking of seëninge.

Die Here gaan ons met sy lyding en opstanding voor ons aan ons alles uit genade te gee wat ons deur gehoorsaamheid wil hê. Dit is die werk wat net vir God alleen moontlik is: om as God die mens te wees wat ons nooit kan wees nie.

Dit maak dat daar nog net een rede oor is vir gehoorsaamheid: ons gehoorsaam God omdat Hy God is, onder enige ander rede. Gehoorsaamheid sommer net omdat God God is!

Dit is gehoorsaamheid wat God vereer as God: gehoorsaamheid net omdat God is wat God is. Enige vorm van gehoorsaamheid anders as dit, om die ewige lewe, mag, geld, gesag, liefde of 'n verhouding met God te kry, onteer God.

9. Daarmee wys die Here Jesus hoe Hy gevolg moet word!

Die eis om alles te verkoop en die Here te volg, is die eis om met hierdie geestelike verering van Jesus as geestelike leier, voog en mentor te breek. Om die Here te volg is om Hom, Jesus Christus as die Goeie Herder te vertrou en te gehoorsaam.

Kom ons kyk weer na Ps. 23! “Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.”

Wanneer die Here eis dat hy alles moet verkoop en Hom volg, is dit die eis: om te glo dat Jesus self die Here is wat die Goeie Herder van Psalm 23 is. Jesus moet nie as geestelike leier vereer word nie. Jesus is die Here. Hy moet as die Here wat die goeie Herder van Psalm 23 is, aanbid word.

Deur alles te verkoop moes hy van geestelike verering draai tot hierdie aanbidding: Jesus Christus is die Here wat my Herder is, ek sal niks kort kom nie.

Hy moes breek van die geestelike verering van 'n mens wat jou wys en vertel van God, na die aanbidding om Jesus die Here as God te vertrou.

- Hy kan alles verkoop en Jesus die Here vertrou om hom te laat rus in groen wei velde,
- Hy kan alles verkoop en Jesus as Here vertrou om hom te bring by waters waar daar rus is.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

- Hy kan alles verkoop en Jesus as Here vertrou om hom nuwe krag te gee
- Hy kan alles verkoop en Jesus as Here vertrou om hom in die regte manier om God te gehoorsaam te lei.

10. Dit is die verskil tussen die geestelike verering wat hierdie jongman aan Jesus as mens wil gee teenoor die aanbidding as Here wat Jesus eis.

Jesus skep deur sy lyding en opstanding uit die dood as mens die nuwe gehoorsaamheid waarin mense na Jesus die Here luister as die goeie Herder van Ps. 23.

Ons gehoorsaam die Here as ons goeie Herder, nie as ons geestelike leermeester nie.

Ons gehoorsaam die Here wat vir ons sondes gely, gekruisig is en gesterf het. So is die Here die goeie Herder wat ons in sy voetspore van geregtigheid laat wandel. Hy maak ons mense wat Hom vertrou as die goeie Herder. En dit is net vir God moontlik om mense Jesus Christus so te laat vertrou!

Christus is hoe God die goeie Herder is, want hierdie God en Here is die mens wat in my plek gehoorsaam was en in my plek gesterf het. God is nie vir my goed omdat ek van kleinsaf die wet onderhou nie, God seën my nie omdat ek van kleinsaf gehoorsaam is aan sy wet nie. God is vir my goed en seën my omdat God self die mens geword het wat ek nie kan wees nie.

Jesus Christus het deur sy lyding en opstanding Homself die Here my goeie Herder gemaak!

Wie Jesus die Here so vertrou en gehoorsaam, Hy is God die goeie Herder, volg Jesus!

11. Is ons volgelinge van die Here Jesus Christus?

Ja!

Hoekom?

Want ons leef in die geloof, Jesus Christus is ons Here! Hy is God wat ons goeie Herder is! Want ons gehoorsaam die Here omdat Hy die goeie Herder is en ons sy skape is.

Ons gehoorsaam Hom nie omdat ons groen weivelde, waters van rus en nuwe krag wil kry by Hom nie. Ons gehoorsaam Hom omdat Hy is wat Hy is: ons goeie Herder.

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Die Here is nie ons goeie Herder omdat ons van kleinsaf gehoorsaam is nie, maar omdat die Here die Here is. Jesus Christus die Here is ons God Herder!

Voldoen ons aan die eis wat die Here aan hierdie jongman gestel het?

Ja! Want ons vertrou op Hom as Here vir sy omvattende sorg as God en in hierdie vertrou leef ons in die geloof dat ons niks kort nie.

Ja wat ons gehoorsaam die Herder op 'n nuwe manier. Ons luister na sy gebooie net omdat Hy die goeie Herder is, omdat God is wat God is. Ons doen sommer net wat Hy sê, net omdat Hy is wat Hy is, ons goeie Herder!

12. Nou hoekom voel ons dan altyd so minderwaardig teenoor Jesus die goeie leermeester se geestelike volgelinge?

Dit is hoe Jesus in die kerk vandag verkondig word deur geestelikes wat hulle self dien as sy volgelinge!

- Jy moet kyk hoe Jesus gebid het en dan bid soos Jesus ons gewys het hoe om te bid! Jesus het alleen in Getsemane gaan bid, eenkant en afgesonder van sy geliefdes! Jy moet jou ook geestelike van jou geliefdes afsonder as jy regtig soos Jesus wil bid! Jesus het gebid dat die bloed loop! Het jy al soos Jesus so in angst oor jou sonde gebid dat die bloed loop!
- Jy moet kyk hoe Jesus geleef het en soos leef soos Jesus gewys het ons moet leef! Hy het sy eie familie en vriende verlaat en net vir God geleef, niks anders was meer vir Hom belangrik nie. Leef jy soos Jesus? Is God jou alles en het jy al jou familie en vriende al vir Jesus afgesweer!
- Jy moet kyk hoe Jesus duiwels uitgedryf het, mense gesond gemaak het en wonders gedoen het en dan moet jy soos jou groot leermeester Jesus leer om dit ook soos Hy te doen!
- Jy moet na Jesus se bediening kyk hoe om mense vir God te wen en dan dit ook soos Jesus doen!

Dit is hierdie kragdadigheid en uitnemendheid waarmee mense Jesus as hulle groot en goeie leermeester volg wat ons minderwaardig maak.

13. Maar die Here het hierdie verering verwerp!

Dit moes ook sy dissipels ontdek. Eers toe hulle Hom as Here ontdek wat die goeie Herder is, kon hulle sy lyding en opstanding glo! Kon hulle Hom as Here vertrou en gehoorsaam!

Jesus Christus die Here is God ons Herder wat ons volg.

Wie Jesus die Here as God die goeie Herder vertrou en gehoorsaam, doen iets wat net vir God moontlik was om te doen: om in mense wat geestelike leermeesters soek die geloof en liefde vir Jesus die Here te gee as God ons Herder!

Die geestelike verering van Jesus as goeie leermeester is nie beter aanbidding as die vertrouwe in Jesus as God nie. Hierdie geestelike dissiplines van leermeesters is nie beter gehoorsaamheid aan God as die gehoorsaamheid aan die Herder nie.

Dit is hoe mense nie die koninkryk van God kan ingaan nie.

Ons volg die Here Jesus Christus! Jesus Christus die Here is God wat ons Herder is!

.